

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 17e Uitgawe 14 Junie 2013
saam met Koersvas 17



Volkserk

Die herhaalde onkundige verwyrt dat die konsep van Volkserk teen die Evangelie is of dalk self rassisme vergestalt, moet ondersoek word. Die Skietlood gaan die artikel van Prof HG van der Westhuizen soos geplaas in Koers van Junie 2013 aanvul met enkele opmerkings wat dr JMG Storm gemaak het soos vervat in die Agenda van die 69ste AKV. Dit word gou duidelik dat die mense wat teen die konsep van volkserk gekant is, redeneer vanuit die sosio-politieke dissipline en deur ideologiese oogklappe na die saak kyk. Die mense wat teen die volkserk model is, dink in terme van uitsluitende begrippe. Vir hulle is apartheid en integrasie die twee moontlike raamwerke vir die verstaan van hierdie model van kerkwees. Hulle sou wou dat dit gaan oor 'n keuse vir of teen rassisme en nasionalisme. Dit is verstommend dat hulle die saak so benader indien ons daarmee rekening hou dat ons in ekklesiologieseterme en teologie vakkundige terme moet dink. Die regte verstaan van die ekklesiologie is 'n saak wat telkens in die gesprek tussen die nuwe kontekste en die vaste beginsels van die Bybel beredeneer moet word. Die saak is baie meer kompleks as hulle moedswillige vereenvoudiging, en moet in 'n ander konteks verstaan word. Uit Koers in leer en lewenskewessies:

ONKUNDE OOR VOLKSKERK – HG

Dit is altyd baie traumaties as 'n saak aktueel is maar daar heers groot onkunde oor die saak. Op die komende Algemene Kerkvergadering (AKV 2013) moet volkserk uit! Of dit net die begrip volkserk is of ook die egte volkserk – soos te vind in die steeds Hervormers en verbond van Hervormde Gemeentes – moet ons afwag. Maar dat dit moet uit is op die Buitengewone AKV in 2011 deur 'n Bybelwetenskaplike uitgeroep!

Van tyd tot tyd verskyn daar in allerlei Nederlandse kerklike publikasies positiewe artikels oor volkserk. So het daar in *HW-Confessioneel* van 23 Februarie en 9 Maart (2013) *Volkserk in de marge* deur dr JD Th Wassenaar verskyn, met 'n reaksie van dr J van der Graaf in die 23 Maart-uitgawe. Dr Wouter van Wyk het dit op die Webblad van die NHKA geplaas en aan *HW-Confessioneel* 'n brief geskryf.

Uit die brief wil ons op vier sake ingaan. Eerstens word gesê: "In ons kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, is hierdie saak baie aktueel. Trouens in ons kerkorde staan ..." (en dan

word Ordereël 4 volledig aangehaal). Hierdie punt aksentueer die eensydigheid van die beskouing van die aktualiteit. 'n Saak is tog nie net "baie aktueel" net omdat dit in die Kerkorde staan nie! As die saak van volkserk, wat ook in die Kerkorde staan, in die kerklike gesprek allerweë bespreek word en daaroor gepubliseer word, kan mens sê dit is "baie aktueel". Maar dit is nie die geval nie. Trouens daar is weinig of geen teologiese bespreking van die begrip volkserk in afkeurende s'n in 'n enkele artikel van ons kerklike publikasies nie! Word met "baie aktueel" dalk verwys na voorbereidende ondergrondse aanslae om die betrokke begrip op die komende AKV te ontwortel?

Tweedens word gestel: "Hierdie formulering (in die Kerkorde) is egter al die jare reeds omstrede en sal aan die einde van September op ons 70ste Algemene Kerkvergadering sonder twyfel weer intens gedebatteer word ..." Die omvang en diepte van gemelde omstredenheid is seker beperk tot enkele individue se kritikasme wat hoegenaamd nie in gebalanseerde standpuntstellings met bespreking oor byvoorbeeld SJ Botha en FJ van Zyl se publikasies gepubliseer is nie. Enkele gladde stellings soos byvoorbeeld dié van JP Oberholzer in *Twintigste Eeue Hervormde Teologie* maak die volkserkbegrip geensins omstrede nie. En die stellings is nie teologiese uitgewerk nie.

Om die volkserkbegrip op die 70ste AKV "sonder twyfel weer intens (te) debatteer" sonder voorafgaande intense en uitgebreide gepubliseerde navorsingsdebatte, kan suksesvolle strategie wees om gladde stellings tot gladde besluite te herlei.

Derdens sê Van Wyk aan die Nederlanders dat die "term 'volkserk' deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer en gebruik word." In die Hervormde Kerk was daar oor dekades heen, selfs méér as 'n anderhalf eeu so te sê volledige eenstemmigheid in die skriftelike formulering van wat volkserk is. Die "verskillende mense" daarvan het so te sê nooit binne die Kerk teologiese teenstandpunte gepubliseer nie.

Ja, buite die Hervormde Kerk het teoloë steeds die volkserkbegrip verskillend van die Hervormde Kerk geïnterpreteer. Dit sluit teoloë van die Gereformeerde Kerk en die NG Kerk in. Vandag nog blyk hierdie onkundigheid (of soms moedswilligheid?) uit redenasies soos in *Beeld*, 11 April 2013, bladsy 14 deur Neels Jackson.

Jackson vra: "Is die NG Kerk 'n volkskerk of nie?" Hy antwoord: "Uit die perspektief van die algemene sinode het dr Kobus Gerber, algemene sekretaris, verlede week tereg gesê dat die NG Kerk nie 'n volkskerk is nie." Dit is klaarblyklik nie uit die ekklesiologiese oftewel teologiese kerkbegrip dat Gerber inderdaad korrek is nie, maar uit 'n sosiologies-politieke siening.

Verskeie besluite en ander gronde word deur Jackson aangevoer waarom, volgens sy siening, die NG Kerk nie volkskerk is nie. Die algemene sinode van 1986 het besluit: "Die NG Kerk is oop ..." Maar "oop" hang hier saam met "vrye" kerkbegrip. Sosiopolities "oop" is 'n volkskerk in beginsel ook – met praktiese omstandighedsreëlings waar en wanneer nodig. "Vrye" kerk is egter anders as volkskerk. Die Gereformeerde, die NG Kerk en die AP Kerk is vrye kerke teenoor die Hervormde Kerk wat in sy skering en inslag volkskerk is. Volkskerke is 'n familiegroep soos vrye kerke ook 'n familiegroep is.

Die Arminianisme, uit die tyd van die Dordtse Leerreëls (1618/1619), het klem gelê op die mens se vrye wil. Die mens word Christen deur vrye wil, hy/sy kies daarvoor. God sou dan sy uitverkiesing ook onderworpe gemaak het aan sy vooruitgesiene kennis van die mense wat uit vrye wil kies vir die verlossing in Christus. Die vryewil-Christenwees lei tot die anabaptisme en baptisme. Alleen die Christen wat vryewilsmatig belydenis van geloof doen kan/moet gedoop word. Hierdie aspek bring in die vryekerkbegrip die karakter van belydeniskerk. Alleen Christene en kerke van hierdie inslag beantwoord aan die kerklike akkoord vir 'n selfde kerkverband – soos Abraham Kuyper die ekklesiologie uitgewerk het. Die probleem van die kinderdoop wat dan soos 'n seer vinger uitsteek, het hy opgelos met die veronderstelde wedergeboorte. Vryekerke, belydeniskerke moet sover as moontlik ook vry kom van volk, staat en owerheid. Hulle moet independentisties wees.

Kort gesê, hierteenoor, is die Hervormde Kerk 'n belydende (nie 'n belydeniskerk nie alhoewel sy belydenisskrifte hooggeag word) kerk wat Christusbelydend hom rig tot die hele volk in al sy geleidinge – om te kersten owerheid en onderdaan.

Verder voer Jackson nog 'n paar argumente aan waarom die NG Kerk nie volkskerk is nie: "Daarby hoor 'n mens nooit meer by algemene sinodes enige hunkering na enigiets wat soos 'n volkskerk klink nie". Omdat die NG Kerk ekklesiologies natuurlik nie volkskerk is nie, maar vrye kerk, bedoel die argument sosio-polities gesproke. Misplaas!

Laastens sê Jackson: "As ek my moet laat lei deur die geselsies wat ek met talle predikante landwyd het, is daar bitter min NG dominees wat aan die NG

Kerk dink as 'n kerk vir wit Afrikaners". Hier loer die aap voloog uit die mou – volkskerk word as sosio-politiese begrip gebruik! In sy laaste paragraaf besluit Jackson: "Ja, dis jammer dat die NG Kerk nog so baie soos 'n volkskerk lyk ..." Dit is 'n sosiopolitiese waarneming, nie 'n ekklesiologies-teologiese nie. Hierdie misvatting leef waarskynlik ook by baie Hervormers wat binne die Hervormde Kerk die volkskerkbegrip bestry!

Van Wyk sê, vierdens, aan die Nederlanders "sonder die kontaminasie van ons eie situasie en belange, kan dus vir ons kerk van besondere betekenis wees. Dit kan ons werklik help om 'n omstrede begrip uit 'n ander oogpunt te beskou en tot 'n beter gebalanseerde standpunt te kom." Om gebalanseerde standpunt te vorm is 'n goeie voorneme. Daarby moet egter onthou word dat die "ander oogpunt", die Nederlandse, nog altyd die basis was waarop ons Kerk sy mening oor volkskerk gebou het. Goeie raad is dus: Bestudeer gebalanseerd die publikasies in ons eie Kerk oor volkskerk en die begrip sal dieselfde wees as die Nederlandse vanaf Calvyn se invloed in Nederland, en Hoedemaker as praktiese baanbreker, verder ook Noordmans, Van Ruler en feitlik alle groot Nederlandse Hervormde teoloë.

Die politieke bestanddeel wat die Modernisme in ons revolusionêre staatsopset byvoeg in die volkskerkresep, maak die tert te brak. *Tot sover Prof van der Westhuizen. Uit die agenda vir die 69ste AKV die volgende:*

Volkskerk en Ordereël 4 - JMGS

Die NHKA het in die verlede die konsep van Volkskerk nooit rasmatig probeer begrond nie en het in die verlede die benadering gehad dat 'n rasmatige verstaan van Volkskerk 'n kwaadwillige misverstaan is, naas ons eie Kerk, die Volkskerk van Afrika. Laasgenoemde is op 14 Augustus 1921 in Kaapstad gestig. Die kerk wou onder die beheer van wit sendelinge kom en is bedoel vir bruinmense. President Mandela het die 60ste Sinodesitting op 23 September 1999 in Stellenbosch besoek. In 2006 het hierdie volkskerk 220 gemeentes gehad. Daarom is dit nie vreemd dat ons onlangs in Die Hervormer en Konteks - twee suksesverhale kon lees; in die Ottosdalomgewing en in Soshonguwe waar ringe en gemeentes die plaaslike gemeentes van die MRCC kon help met geboue oprigting, geestelike- en onderwysondersteuning. Trouens vir baie jare het die NHKA die ou HKSA (pre MRCC) ondersteun op vele terreine, soos tans nog gedoen word.

Is die Kerk se manier van missionaat, waar dit gerig word op spesifieke groepe of kulture agtergehaal of nie-funksioneel? Wie so redeneer, kyk moedswillig weg van die feit dat daar baie verskillende kerke is

wat verskillende tale praat en verskillende spiritua-
liteite adem. Is die NHKA as volkskerk dan
eksklusief 'n kerk vir blanke Afrikaners? In die
onlangse kerkdebat is moedswillig veel gemaak dat
die term volkskerk 'n soort van etniese eksklusiwiteit
voorstaan wat ander volksgroepe en rasse van
lidmaatskap by die NHKA wil uitsluit. Dit is
natuurlik 'n verkeerde persepsie. Die Kerk het reeds
in 1991 Artikel 3 laat vaar. Die betrokke ordereel
(Ordereel 4) waarin die begrip volkskerk as kerk vir
die Afrikaner beskryf word, noem ook dat die Kerk
die Evangelie TEGELYK aan alle mense wil
verkondig.

Volkskerk is EEN gestalte van kerkwees.

Die NHKA sien homself en bely dit in die eerste sin
van die eerste Ordereël as 'n verskyningsvorm van
die een Algemene Christelike Kerk. Daarmee sê
die kerk reg aan die begin van die Kerkorde dat daar
net een heilige Algemene Christelike Kerk is, maar
dat hierdie een Kerk in verskillende gestaltes tot
openbaring kom. Die NHKA is in die vorm van
volkskerk so 'n gestalte. So sien die Kerk, as 'n
belydende volkskerk, homself nie as 'n grootheid op
sy eie los, los van die een heilige Algemene
Christelike kerk wat hy bely nie. In die bestel wat in
ons geskiedenis tot nou toe gegeld het, kon die Kerk
nog altyd steeds belydende kerk wees. Persone wat
die Kerk beskuldig dat ons as volkskerk nie kerk van
Christus is nie, hou moedswillig nie rekening met dit

wat op gemeentevlak geglo, bely en gedoen word
nie.

Volkskerk lê op die vlak van funksionele kerkwees.
Die wese van die kerk is daar waar Christus is. Een
Heilige Algemene Kerk is 'n geloofsuitspraak, maar
plaaslike gemeentes interpreteer die kerk. Dit is die
praktyk van kerkwees. Die gemeentes is die
pragmatiese uitvloeï van die geloofsgrootheid. Die
volkskerk is vir ons die geloofsgemeenskap wat
eklesiologies funksioneel is, wat vir ons sinvolle
gemeentevorming moontlik maak. Ons moet
wegkom van die argument dat die volkskerk die
Afrikaner moet bestendig en ons moet ophou met
die beskuldiging dat die NHKA 'n volkskerk wil
wees as 'n soeke na stabiliteit in nasionalistiese en
patriotiese sin. Die Kerk mag egter wel sy
gerigtheid behou: Volksgerig, maatskappygerig,
sosiaal groepgerig. Die NHKA is nie 'n *ethnic
church* nie, dis 'n gemeenskapskerk, dit is 'n
Afrikaanse gemeenskapskerk, wat sy getuïenis rig
aan alle mense, maar gebore in en daarom eerstens
gerig tot die Afrikaner wie se taal hy praat en in wie
se kultuur hy setel. *Tot sover dr Storm.*

*Dit is duidelik dat hierdie twee stemme nie op
politieke terrein wil beweeg nie. Volkskerk moet ook
nie politiek verstaan word nie. Neem een tree terug
en kyk verby die politieke dans. Toets die volkskerk
aan die Bybel, nie die politiek van die dag nie!*